**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _10_ bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LETTERKUNDE** | **(50)** |
| **(Gedigte en Filmstudie)** | | |
| **AFDELING B:** | **STELWERK** | **(50)** |

**Lang Transaksionele teks (keuse) en Kort Transaksionele teks (verpligtend)**

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: LETTERKUNDE

## VRAAG 1: FILMSTUDIE – "Suurlemoen"

**Beantwoord die volgende vrae oor die filmstudie:**

**1.1 Hoekom moes Tiaan en Zane na mnr. Marx se klaskamer toe gaan?** **(1)**

**1.2 Verduidelik wat Tiaan en Zane:**

**1.2.1 as sport doen.** **(1)**

**1.2.2 op die internet doen.** **(1)**

**1.3 Pas die woorde in KOLOM B wat by die mense in KOLOM A pas. Skryf net die nommer (1.3.1-1.3.4) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Zane | A. wou erkenning van sy pa hê. |
| 1.3.2 Suurlemoen | B. het die probleme veroorsaak. |
| 1.3.3 Rugbytruie | C. die naam van die radiostasie. |
| 1.3.4 Tiaan | D. moes vervang word. |
| | E. die naam van die band. |

**(4)**

**1.4 Wat doen a) Liezl en**

**b) Bongi in die band?** **(2)**

**1.5 Hoeveel geld moes Tiaan en Zane aan die skool betaal?** **(1)**

**1.6 Vir watter kompetisie het die band ingeskryf? Gee die naam.** **(1)**

**[11]**






shutterstock.com · 1492807922

## VRAAG 2: hartbreek (Susan Smith)

**hartbreek**
Susan Smith

net voor eerste pouse het ek jou
wintervaal kuif die eerste keer
agter in die ry gewaar

teen tweede pouse
het my hart finaal
in jou klippiebruinoë verdwaal

maar huistoetyd se klok
het my sonderasemstil geskok
toe ek van 'n ander planeet af sien
hoe jou hand soos 'n amperfluister
om haar pinkie vou



2.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Die spreker het die seun (lankal geken/vir die eerste keer tydens eerste pouse raakgesien. (1)

2.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur twee opeenvolgende woorde uit die gedig aan te haal.

Die spreker het die seun se oë heel eerste raakgesien. (1)

2.3 Haal 'n versreël aan wat vir ons sê waar die seun gestaan het toe die spreker hom vir die eerste keer gesien het. (1)

2.4 Pas die literêre aspekte in KOLOM B by die voorbeelde in KOLOM A. Skryf net die nommer (2.4.1-2.4.4) en die letter (A-D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1 "teen tweede" | A. Personifikasie |
| 2.4.2 "eerste keer" | B. Vergelyking |
| 2.4.3 "het my hart finaal in jou klippiebruinoë verdwaal" | C. Metafoor |
| 2.4.4 "hoe jou hand soos 'n amperfluister om haar pinkie vou" | D. Assonansie |
| | E. Alliterasie. |

(4)

**2.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer (2.5) en die letter (A-D) neer.**

**Die seun se hare was ...**

**A. blond**
**B. bruin**
**C. swart**
**D. wit** **(1)**

**2.6 Haal een woord uit die gedig aan wat die seun se kleur oë beskryf.** **(1)**

**2.7 Kies woorde uit die woordblok om die paragraaf te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **raakgeloop** | **toon** | **hart** | **raakgesien** | **lief** | **verlief** |

**Die spreker het die seun eerste pouse 2.7.1___ . Tweede pouse was sy heeltemal 2.7.2___ op hom. Aan die einde van die dag was die spreker se 2.7.3___ gebreek.** **(3)**

**2.8 Verduidelik waarom die spreker aan die einde van die dag so geskok was.** **(1)**

**[13]**

**VRAAG 3: klein geloof (Tania Joubert)**

klein geloof

die kabouter is uit my tuin gesteel
en kersvader kom nooit meer op sy slee
die tandemuis was net my ma
en paddaprinse is amfibieë

Armstrong was die man op die maan
en my melkskommelweg het versuur
drake is dinosourusse
lugkastele is argitektuur

ek het ál my sprokies brand gesteek
Realisme, Feite, Wetenskap:
EK KAN BEWYS!

maar waarom slaap ek met my lig nog aan
stoei met die monsters onder my bed
en waarom bid ek elke dag
dat die Prins op die donkie my moet red?











**3.1 Waar het die gesin die kabouter in strofe 1 gesit? Haal een woord aan as antwoord. (1)**

**3.2 Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer (3.2.1-3.2.4) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.2.1 Lugkastele | A. Amfibieë |
| 3.2.2 Die tandemuis | B. Neil Armstrong |
| 3.2.3 Paddaprinse | C. My pa |
| 3.2.4 Die man op die maan | D. My ma |
| | E. Argitektuur |

**(4)**

**3.3 Wat het kersvader as vervoer gebruik? Haal een woord aan as antwoord. (1)**

**3.4 Wat dink jy moes die spreker doen om te weet dat paddas nie in prinse gaan verander nie? (1)**

**3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer (3.5) en die letter (A-D) neer.**

**Neil Armstrong was ___**

**A. die spreker se kêrel.**
**B. 'n fietsry kampioen.**
**C. 'n ruimtereisiger.**
**D. 'n sokkerspeler. (1)**

**3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Die melkweg is (melk wat ons drink/baie sterre in die lug). (1)**

**3.7 Wat het die spreker met al haar sprokies gedoen? (1)**

**3.8 Waarom glo die spreker nou net in "Realisme, Feite, Wetenskap"? Haal een versreël aan as antwoord. (1)**

**3.9 Watter woord wys 'n "teenstelling/verandering/wending" in die gedig? (1)**

**3.10 Wat is die boodskap wat ons uit hierdie gedig kry? (1)**

**[13]**

**VRAAG 4: Vyftien (Anoniem)**

**<u>Vyftien</u> (Anoniem)**

**Toe ek vyf was, het ek altyd gedink**
**nog tien jaar en ek is**
**vyftien**
**Die perfekte tyd**
**om met seuns uit te gaan**
**Die perfekte tyd**
**om my te grimeer**
**Die perfekte tyd**
**wanneer jy laat kan uitbly**
**Die perfekte tyd**
**wanneer jy kan soen – behoorlik!**
**en kan vloek!**
**Die groot avontuur!**
**Maar nou dat ek vyftien is**
**wens ek dat ek weer vyf is**

**Daardie onskuldige tyd**
**toe seuns nie jou hart gebreek het nie**
**Daardie onskuldige tyd**
**sonder puisies en aknee**
**Daardie onskuldige tyd**
**toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie**
**Daardie onskuldige tyd**
**toe jy nog nie oorlaai was met werk nie**
**Daardie onskuldige tyd**
**toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie**
**Ek wonder ... hoe voel dit om een en twintig te wees ...?**

4.1 Hoe lank moes die spreker wag voor sy ook vyftien kon wees? (1)

4.2 Pas gevolge in KOLOM B by die spreker se wense in KOLOM A. Skryf net die nommer (4.2.1-4.2.4) en die letter (A-D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 Sy wou graag met seuns uitgaan. | A. Sy is geterg. |
| 4.2.2 Sy wou grimering dra. | B. Haar hart is gebreek. |
| 4.2.3 Sy wou laat uitbly. | C. Sy het velprobleme gekry. |
| 4.2.4 Sy wou behoorlik soen. | D. Daar is met haar geraas. |
| | E. Sy het te veel skoolwerk. |

(4)

4.3 Haal drie opeenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat vir ons beskryf hoe die spreker as vyfjarige kind "vyftien" gesien het. (1)

4.4 Hoekom dink jy, wou die vyfjarige kind hierdie spesifieke dinge doen? (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die spreker is (in ekstase/teleurgesteld) noudat sy vyftien is. (1)

4.6 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woorde in te vul. Jy sal die antwoorde in die gedig vind.

Die spreker wens sy was weer (4.6.1)___, want dit was 'n (4.6.2)___ tyd in haar lewe. Sy wou self die verkeerde ding doen, en (4.6.3)___! Haar (4.6.4)___ het met haar geraas as sy laat ingekom het. (4)

4.7 Die volgende stelling is WAAR. Haal een versreël aan as antwoord.

Die spreker het nie haar les geleer om haarself ouer te wens nie. (1)

**[13]**








**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: STELWERK

### VRAAG 1: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

**LET WEL: Jy het 'n keuse (choice) tussen twee vrae**

**INSTRUKSIES:**

- **Kies EEN van die twee skryfstukke.**
- **Jou skryfstuk moet 120 – 150 woorde lank wees.**
- **Jy moet dit IN POTLOOD beplan, 'n eerste poging en dan IN PEN, 'n finale poging skryf.**
- **Skryf jou aantal woorde onderaan neer.**

**1.1 DIALOOG**



Jy en die nuwe kind in julle skool leer mekaar ken.

Skryf die dialoog tussen julle neer. [30]

**OF**

**1.2 TOESPRAAK**



Jy is gevra om 'n toespraak te lewer oor jou gunsteling land. Vertel die gehoor van die land, waar dit is, kosse wat hulle eet en enige ander interessante dinge van die land. [30]

## VRAAG 2: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

**LET WEL: Hierdie vraag is verpligtend (compulsory) om te doen.**

**INSTRUKSIES:**

- **Die onderwerp is gebaseer op die kortverhaal: *Sorry, Ma.***
- **Jy moet jou skryfstuk IN POTLOOD beplan, 'n eerste poging en dan IN PEN, jou finale poging neerskryf.**
- **Jou feite moet korrek wees volgens die kortverhaal.**
- **Jou DAGBOEK inskrywings moet 80 – 100 woorde lank wees.**
- **Onthou om jou aantal woorde onderaan neer te skryf.**

**E-POS**





shutterstock.com · 1187898280



shutterstock.com · 243210445

**Jy is die hoofkarakter in die kortverhaal, "Sorry, Ma".**

**Skryf 'n e-pos aan jou maat, Regard, waarin jy vir hom vertel wat alles gebeur het nadat jy terug huis toe gegaan het, die volgende oggend.**

**Wat het jou ouers alles vir jou gesê en wat was die gevolge van die vorige aand?**

**Jy moet die korrekte name en inligting gee. Gebruik jou verbeelding en wees kreatief.** **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 50 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 100 PUNTE**